

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Broosheid”

Skriflesing: Lukas 23:33-42

“The things that I loved were very frail. Very fragile. I didn't know that. I thought they were indestructible. They weren't.”
— Cormac McCarthy, *The Sunset Limited*



Lied 530

Praat ek mense-, eng'letale,
maar dis nie uit liefde nie,
is my woorde hol simbole -
klanke sonder melodie.

Al kan ek geheime uitlê,
berge deur geloof versit,
of al het ek al die kennis -
sonder liefde is ek niks.

Al die tale, profesieë,
met die tyd gaan dit verby.
Net die liefde, die volmaakte,
kom en sal vir altyd bly.

Want geloof gee troos en rigting;
na die toekoms reik die hoop -
liefde is en bly die grootste:
Liefde sluit die lewe oop.



“Without music, life would be a mistake.”
— Friedrich Nietzsche, *Twilight of the Idols*

Broodjies vir die pad

Death of a ladiesman

Poetry is a verdict, not an occupation.
— Leonard Cohen

My troebel liefdesverhoudings
sinkopeer met jou droomvervloeide songs.
Eers swart langspeelplate wat dralend
'n vaarwel toeroep aan Marianne

en versug na daardie Suzanne;
dan later grys tapes wat frommel
en breek van te veel rewind tot CD's met helder klankopnames
waarop ons dans tot aan die einde, die einde ...
Jou walse word my walse
in die Toring van Sang.
Daar was 'n kraak in alles,
maar dis hoe die lig
kon deurbreek,
word die kuur, 'n devies.
Veel vasalle hang jou aan,
my gedig net 'n calque
van woorde tydloos.
Lui die klokke wat steeds kan lui;
vergeet van die offergawe perfek.
Ek groet jou, meneer Cohen,
haal my fedora af vir jou:
eenmalige digtersanger
van die mankolieke woord
met jou wonderskone, subsoniese stem.

Joan Hambidge

<http://www.litnet.co.za/death-of-a-ladiesman/>



[...]

Voorwetenskaplike era

Die Khoi-San, as eerste en oudste etniese, inheemse groepering, het die reg om alle ander inheemse nakomelinge aan onse oerwaardes te toets. Daar is twee relevante waardes wat hier ter sprake is, naamlik, ons godsbegrip en die etiese verantwoordelikheid wat daaruit vloei.

Die verskillende stamme het verskeie name vir die Opperwese gehad. Theophilus Hahn verduidelik in sy boekie (*Tsuni-//Goam – The Supreme Being of the Khoikhoi*, 1881) dat die Nama-woord *Tsuni/Goam* “gewonde knie” beteken. Gedurende 'n oerstryd met die bose/*Gaunab* is laasgenoemde verslaan, maar tog is die Opperwese gewond gelaat, as lydende God. Dié metafoor beteken dat die Khoi-San binne die kraal (*clan*) ook medelydend teenoor alle noodlydendes en verontregtes moet wees.

Die naam Khoi beteken “mens” en Khoi-Khoi dat ons mense-mense is, dit wil sê dat medemenslikheid die mees fundamentele waarde binne die gemeenskap is.

Interessant dus dat Isaac Schapera (*The Khoisan Peoples of South Africa*, 1930) in sy hoofstuk oor seksualiteit waarnemings oor die verskynsel van *sorégus* vermeld. Sommige jong seuns en jong vroue sou met sekere rituele aanduiding gee dat hulle 'n homoseksuele verhouding verlang. Hoewel ons leiers in daardie voorwetenskaplike era weinig begrip van hierdie verskynsel gehad het, het hulle dit nogtans nie verbied nie. Die allesomvattende beginsel van khoi-/*namxa-sib* (mensliewendheid) het *sorégus* moontlik gemaak.

Ek twyfel of moderne Khoi-San-leiers hoegenaamd van hierdie beginsel bewus is. Een van die redes is dat ons sedert 1743, maar veral vanaf 1799, 'n totaal nuwe kultureel-religieuse

wêreldbeeld, onder invloed van honderde sendelinge, begin aanvaar het. Onder meer ook oor seksualiteit.

Benewens die feit dat sommige stamhoofde taamlik ongelukkig was oor monogame huwelike, het ook ons *sorégus*-verhoudings in die slag gebly.

[...]

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/ons-oerwaardes-het-nie-gays-veroordeel-20161116#>



“When we honestly ask ourselves which person in our lives mean the most to us, we often find that it is those who, instead of giving advice, solutions, or cures, have chosen rather to share our pain and touch our wounds with a warm and tender hand. The friend who can be silent with us in a moment of despair or confusion, who can stay with us in an hour of grief and bereavement, who can tolerate not knowing, not curing, not healing and face with us the reality of our powerlessness, that is a friend who cares.”

— Henri J.M. Nouwen, *Out of Solitude: Three Meditations on the Christian Life*

Brood vir die pad

Waarde, respek het ook ’n prys

Johann van der Westhuizen

Ons huisie by die see is in L’Agulhas, aan die suidelikste punt van Afrika, tussen woeste branders en ruwe rotse waar talle skepe begrawe lê en spoke glo nog snags loop.

Net langs aan lê Struisbaai. Koos Kombuis het oor “Struisbaai Blues” gesing. Ek vertel gou van enkele Struisbaai-karakters, wat my laat dink aan die reg op menswaardigheid in ons Grondwet.

Florence Willemse maak huise skoon en is ’n goeie vrou. Sy woon in Struisbaai-Noord, in voor-demokratiese Suid-Afrika bekend as Molshoop, met waarskynlik die wêreld se hoogste konsentrasie kinders en honde in armoedige stofstrate. Sy hoes asof sy tering het en skreeu met die skrilste stem wat ’n mens in ’n Overbergse aksent sal hoor. Haar lang, maer, tandelose, werklose man is oordrewe respekvol teenoor wit mense, maar flanker met vroue en slaan Florence lelik wanneer hy dronk is.

Florrie het drie seuns in drie verskillende Kaapse tronke en enetjie op skool. Hulle het eksotiese en Bybelse name: Stefano, Ricardo, Llewellyn en Jonaffin.

Wanneer sy nie kan werk nie, stuur Florence haar beste vriendin wat in haar huis woon, Yvonne, in haar plek. Maar toe verdwyn Yvonne vir ’n ruk en verskyn daarna met ’n nare litteken op haar jong gesig.

Dit was Florrie se werk, met ’n gebreekte bottel, een aand by ’n huispartytjie.

Florrie word nie afgedank nie. Sy “los” ’n werkgewer wanneer haar waardigheid aangetas word, soos wanneer sy uitgevra word oor drank wat verdwyn of deur water verdun is. Wanneer jy vra hoe dit gaan, sê sy altyd: “Baie baie goed.”

Manus Maritz het blou oë, grys hare en ’n fier houding. Hy het van Gauteng af suidpunt toe getrek, om van misdaad en swart mense af weg te kom, maar neem net onwettige Zimbabweers in diens omdat die plaaslike bevolking volgens hom te lui is om te werk.

Ná ’n begin as bouer, het hy ’n gastehuis probeer. Nou maak hy tuinmeubels. Hy braai goed vleis en wanneer mens se tuinsproeier breek, sê die dorp se weduwees vir jou jy moet een soos Manus s’n kry.

Joe Nkomo het sy pad van Zimbabwe af na die suide toe oop geworstel. Hy bly onder sink en plastiek op die rand van Struisbaai-Noord, praat na twee jaar in Suid-Afrika vlot Afrikaans, is hoflik en sjarmant en werk hard vir ’n bouer. Finansiële onderhou Joe sy familie in die noorde. Florence sê die Zimbabweers verkoop tik en dat die jong meisies saans daar gaan kuier en nie terugkom nie.

Oom Koot Plaatjies lyk baie ouer as sy vroeë vyftigs, met ’n blou mus en grys baard soos ’n tuinkabouter of Smurf.

Wanneer hy lus voel en in staat is, doen hy tuinwerk. Hy wil die Kaapse fisante vergiftig, omdat hulle sy tuin omkrap. Eendag lê hy bewegingloos plat op sy rug in die tuingrond, met die Kaapse son direk in sy dooie wyd oop oë. Hy was nie dood nie. Die lafenis wat hy om die hoek gebruik het, het net nie met die hitte saamgewerk nie. Nadat ons hom op ’n stoel teen die muur staangemaak het en Florence hom met die tuinslang natgespuit het, het hy stadig onwaardig ontwaak.

Koot se vrou se kinders vloek hom baie en drink in sy huis. Toe hy ’n gesinsgeweld-interdik gaan vra, sê die mense by die magistraatskantoor hy kan nie een kry nie, want hy is nie met sy vrou getroud nie. Ná 30 jaar se saamwoon en swaarkry, was hy so ontsteld oor hierdie middelklasmoraliteit soos Alfred Doolittle in *Pygmalion*, oftewel *My Fair Lady*.

Op ’n sleepwa vol tuinafval staan oom Koot en tuur soos ’n kaptein op sy skip. Hy werk nie vir wit mense nie. Hy “gaan help” hulle. Wanneer jy vir hom sê hy moet gras sny, sê hy dat hy van plan was om gras te sny. Dit was sy idee, nie ’n opdrag nie. Nadat hy lank vir Miss Rina gewerk het en sy na hom omgesien het, het hy haar gelos, omdat sy “oorlams” geraak het. Die Zimbabweers in die plakkershuisse noem hy meerderwaardig “bloukoppe”.

So strewe ons maar almal na menswaardigheid en respek in ons mooi gekwelde land. Manus speel baas; Joe maak onwettig geld met sy intellek; Florence en Oom Koot “help” en “los” werkgewers op hul eie terme, armoede of te nie.

Waardigheid en selfrespek het egter ook sy prys. As die selfbeeld kantel, die honger knaag, of die dors te erg brand, word die bottel nadergetrek en val ons maar om in die tuin, of skend ’n beste vriend se lewe om ’n wrede geliefde te behou.

- *Van der Westhuizen was ’n regter in die konstitusionele hof.*

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/waarde-respek-het-ook-n-prys-20161104>



“It’s the possibility of having a dream come true that makes life interesting.”

— Paulo Coelho, *The Alchemist*

“Happiness is not something ready made. It comes from your own actions.”

— Dalai Lama XIV



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.